basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## REKENINGKUNDE V1

## 2023

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye, 'n formuleblad en 'n 10 bladsy-antwoordeboek.**

*Kopiereg voorbehou*

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.

2. 'n Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf waarin jy AL die vrae moet beantwoord.

3. 'n Formuleblad met Finansiële Aanwysers is aan die einde van hierdie vraestel aangeheg.

4. Toon AL die bewerkings om deelpunte te verdien.

5. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

6. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.

7. Toon ALLE bewerkings tot EEN desimale punt, waar van toepassing.

8. Skryf netjies en leesbaar.

9. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

| VRAAG | ONDERWERP | PUNTE | MINUTE |
|---|---|---|---|
| **1** | Staat van Omvattende Inkomste en Bedryfsbates | 60 | 45 |
| **2** | Behoue-inkomste-nota, Kontantvloeistaat en Finansiële Aanwysers | 35 | 25 |
| **3** | Vertolking van Finansiële Inligting | 40 | 35 |
| **4** | Korporatiewe Bestuur | 15 | 15 |
| **TOTAAL** | | **150** | **120** |

## VRAAG 1: STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE EN BEDRYFSBATES

**(60 punte; 45 minute)**

1.1 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by die term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.1.1 Onafhanklike ouditeur | A belegging soos 'n vaste deposito oor 'n drie-jaar-periode |
| 1.1.2 Kapitaal aangewend | B skuld wat binne 12 maande vereffen moet word |
| 1.1.3 Bedryfslas | C 'n personeellid van 'n maatskappy wat doeltreffende interne beheermaatreëls instel |
| 1.1.4 Finansiële bate | D totaal van Gewone Aandeelhouers-belang en Niebedryfslaste |
| | E gee 'n onpartydige mening oor die betroubaarheid van die finansiële state |

(4 x 1) (4)

1.2 **STARLIGHT BPK.**

Die inligting het betrekking op die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2023. Die maatskappy dryf handel in elektriese items.

**GEVRA:**

1.2.1 **Verwys na Inligting B (i).**

Bereken die waarde van die slotvoorraad van gloeilampe op 28 Februarie 2023. Gebruik die geweegdegemiddelde-metode. (4)

1.2.2 **Verwys na Inligting B (ii).**

Bereken:

- Wins of verlies met verkoop van die voertuig (5)
- Totale waardevermindering vir die jaar (7)

1.2.3 Voltooi die volgende:

- Staat van Omvattende Inkomste vir die jaar geëindig 28 Februarie 2023 (29)
- Bedryfsbates-afdeling van die Staat van Finansiële Posisie (11)

**LET WEL:** Sommige bedrae is in die ANTWOORDEBOEK ingeskryf.

**INLIGTING:**

**A. Uittreksel uit die Vooraansuiweringsproefbalans op 28 Februarie:**

| **Balansstaatrekeninge-afdeling** | **2023** | **2022** |
|---|---|---|
| Lening: Pearl Bank | 524 400 | 690 000 |
| Voertuie | **?** | 1 250 000 |
| Opgehoopte waardevermindering op voertuie | **?** | 420 000 |
| Toerusting | 822 000 | 774 000 |
| Opgehoopte waardevermindering op toerusting | **?** | 360 000 |
| Vaste deposito: Pearl Bank | 320 000 | |
| Handelsvoorraad | 2 969 800 | |
| Debiteurekontrole | 645 250 | |
| Voorsiening vir oninbare skulde | **?** | 21 020 |
| Bank (Dt) | **?** | |
| SAID: Inkomstebelasting (voorlopige belasting-betalings) | 875 000 | |
| **Nominalerekeninge-afdeling** | | |
| Verkope | 17 850 000 | |
| Koste van verkope | 10 200 000 | |
| Salarisse en lone | **?** | |
| Kommissie-inkomste | 85 900 | |
| Huurinkomste | 89 700 | |
| Ouditfooie | 155 200 | |
| Direkteursgelde | 2 015 000 | |
| Diverse uitgawes | 219 760 | |
| Oninbare skulde | 16 200 | |
| Rente op vaste deposito | **?** | |
| Bateverkope (kontant ontvang vir verkoop van voertuig) | 91 500 | |

**B. Aansuiwerings en addisionele inligting:**

(i) 'n Fisiese voorraadopname op 28 Februarie 2023 het uitgewys dat R2 774 800 se voorraad voorhande is. Hierdie syfer sluit egter die slotvoorraadsyfer vir gloeilampe uit. Let daarop dat die gloeilampe gewaardeer word deur die geweegdegemiddelde-metode te gebruik.

Besonderhede van die gloeilampe is soos volg:

| | **EENHEDE** | **EENHEIDS-PRYS (R)** | **TOTAAL (R)** |
|---|---|---|---|
| Voorraad op 1 Mrt. 2022 | 8 000 | 52 | 416 000 |
| Aankope | 47 000 | 74 | 3 478 000 |
| Beskikbaar vir verkoop | 55 000 | | 3 894 000 |
| | | | |
| Vraggeld op aankope | | | 27 500 |
| Voorraad op 28 Feb. 2023 | 1 700 | **?** | **?** |

(ii) **Vaste bates en waardevermindering:**

**Voertuie:**

- 'n Ou voertuig is op 30 November 2022 vir R91 500 verkoop. Die bedrag ontvang, is opgeteken, maar geen ander inskrywings is gemaak nie.

  Besonderhede van die verkoopte voertuig:

| | |
|---|---|
| Drawaarde op 1 Maart 2022 | R104 000 |
| Waardevermindering: 20% p.j. volgens die verminderdesaldo-metode | |

- Waardevermindering op die oorblywende voertuie: R145 200

**Toerusting:**

- Toerusting se waarde word teen 15% p.j. op kosprys verminder.
- Nuwe toerusting is op 31 Julie 2022 aangekoop.

(iii) R38 800 is nog aan die ouditeure vir die huidige finansiële jaar verskuldig.

(iv) R9 000 is uit die insolvente boedel van debiteur Billy Croon ontvang. Sy boedel betaal 80 sent in die rand op sy uitstaande saldo. Die geld ontvang, is opgeteken. Die saldo van sy rekening moet nog afgeskryf word.

(v) Die voorsiening vir oninbare skulde moet tot R25 720 verhoog word.

(vi) **Direkteursgelde:**

- Die maatskappy het twee direkteure wat in 2019 aangestel is. 'n Derde direkteur is op 1 Oktober 2022 aangestel.
- Die direkteure verdien almal dieselfde maandelikse gelde.
- Direkteursgelde gedurende die finansiële jaar betaal, is opgeteken, maar een direkteur is reeds vir Maart en April 2023 betaal.

(vii) Huurinkomste sluit die huur vir Maart 2023, wat van die huurder ontvang is, in. Die maandelikse huur het op 1 Januarie 2023 met R1 170 toegeneem.

(viii) **Lening: Pearl Bank**

- Rente op die lening gekapitaliseer, is nog nie opgeteken nie.
- Vaste maandelikse terugbetalings (rente ingesluit) is betaal en korrek vir die finansiële jaar opgeteken.
- Rente op die lening beloop 60% van die maandelikse terugbetalings.

(ix) Inkomstebelasting vir die jaar is op R858 140 bereken.

**60**

**VRAAG 2: BEHOUE-INKOMSTE-NOTA, KONTANTVLOEISTAAT EN FINANSIËLE AANWYSERS (35 punte; 25 minute)**

Die inligting het betrekking op Swallows Bpk. vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2023.

**GEVRA:**

2.1 Stel die Behoue-inkomste-nota vir die jaar geëindig 28 Februarie 2023 op. (9)

2.2 Bereken die volgende bedrae vir die 2023 Kontantvloeistaat:

- Verandering in lening (2)
- Opbrengs uit aandele uitgereik (3)

2.3 Voltooi die Kontantgevolge van Bedryfsaktiwiteite-afdeling van die Kontantvloeistaat. (10)

2.4 Bereken die volgende finansiële aanwysers op 28 Februarie 2023:

- Bedryfsverhouding (2)
- Netto batewaarde (4)
- % opbrengs op totale kapitaal aangewend (OOTKA)
  **LET WEL:** Die gemiddelde kapitaal aangewend is R20 343 500. (5)

**INLIGTING:**

**A. Uittreksel: Staat van Omvattende Inkomste op 28 Februarie 2023**

| | |
|---|---|
| Verkope | R12 754 500 |
| Waardevermindering | 316 500 |
| Rente op lening | 648 000 |
| Netto wins na belasting (belastingkoers: 30% op netto wins) | 1 526 000 |

**B. Uittreksel: Staat van Finansiële Posisie op 28 Februarie**

| | 2023 | 2022 |
|---|---|---|
| Gewone aandelekapitaal | R13 959 500 | R12 312 500 |
| Behoue inkomste | **?** | 237 400 |
| Lening: Daisy Bank | 6 348 000 | 7 200 000 |
| Totale bedryfsbates | 1 479 600 | 2 342 000 |
| Totale bedryfslaste | 822 000 | 976 000 |
| Aandeelhouers vir dividende | 575 400 | 475 000 |
| SAID: Inkomstebelasting | 23 600 **(Dt)** | 42 100 **(Kt)** |

**C. Aandelekapitaal**

| | |
|---|---|
| 1 250 000 | Aandele voorhande op 1 Maart 2022 |
| 180 000 | Aandele teruggekoop op 1 Mei 2022. Hulle kwalifiseer nie vir dividende nie. 'n EFO van R1 989 000 is vir die terugkoop uitgereik. |
| **?** | Aandele uitgereik op 1 Oktober 2022 teen R11,40 per aandeel |
| 1 370 000 | Aandele voorhande op 28 Februarie 2023 |

**D. Dividende**

- 'n Tussentydse dividend van 32c per aandeel is op 31 Augustus 2022 betaal.
- 'n Finale dividend is op 28 Februarie 2023 verklaar.

**35**

HOU HIERDIE BLADSY OOP.

**VRAAG 3: VERTOLKING VAN FINANSIËLE INLIGTING (40 punte; 35 minute)**

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Qumbu Bpk. vir die jaar geëindig 28 Februarie 2023.

**GEVRA:**

**LET WEL:** Verskaf finansiële aanwysers met syfers en tendense om jou kommentaar of verduidelikings (waar van toepassing) te staaf.

3.1 **Likiditeit**

Verduidelik of die maatskappy hulle bedryfskapitaal doeltreffend bestuur, of nie. Haal TWEE finansiële aanwysers aan. (5)

3.2 **% aandeelhouding**

Denise Taylor, die HUB, het op 1 Maart 2022 540 000 aandele in die maatskappy besit. Sy het voortgegaan om addisionele aandele op verskillende tye gedurende die jaar op die JSE te koop. Op 28 Februarie 2023 het Denise die meerderheidsaandeelhouer geword omdat sy 51% van die uitgereikte aandele besit het.

- Bereken die totale getal addisionele aandele wat Denise aangekoop het. (4)
- Gee EEN moontlike rede waarom Denise vasbeslote was om die meerderheidsaandeelhouer te word. (2)

3.3 **Besluite deur direkteure, risiko en finansiële hefboom**

3.3.1 Die Kontantvloeistaat toon besluite wat deur die direkteure geneem is.

- Identifiseer TWEE belangrike besluite wat die direkteure in 2023 geneem het wat verskil van hulle besluite die vorige jaar.
- Gee EEN rede vir hierdie besluite. (6)

3.3.2 Verduidelik die uitwerking van hierdie besluite op die graad van finansiële risiko oor die twee jaar. Haal EEN finansiële aanwyser aan. (3)

3.3.3 Verduidelik hoe hierdie besluite die hefboomfinansiering van die maatskappy beïnvloed het. Haal EEN finansiële aanwyser aan. (4)

3.4 **Dividende en verdienste**

3.4.1 Sekere aandeelhouers het hulle kommer uitgespreek oor die verandering in die dividenduitbetalingsbeleid. Verduidelik TWEE punte om hulle mening te ondersteun. (4)

3.4.2 Verduidelik of die aandeelhouers met die tendens in die % opbrengs en verdienste van die maatskappy tevrede sal wees, asook die dividende wat hulle verdien het. Haal TWEE finansiële aanwysers aan. (6)

3.5 **Kommentaar by die algemene jaarvergadering**

Sommige aandeelhouers is woedend oor die tendense van die volgende kwessies met betrekking tot die maatskappy se prestasie:

- Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die jaar
- Die markprys van die aandele op die JSE

Verskaf in ELKE geval bewyse vir die aandeelhouers se kommer oor hierdie tendense, en verduidelik waarom hulle oor die toekomstige vooruitsigte vir die maatskappy bekommerd sou wees. (6)

**INLIGTING:**

**A. Finansiële aanwysers en addisionele inligting op 28 Februarie:**

| | 2023 | 2022 |
|---|---|---|
| % bedryfsuitgawes op verkope | 14,1% | 12,0% |
| % bedryfswins op verkope | 14,5% | 16,5% |
| % netto wins op verkope | 10,4% | 10,9% |
| Skuld-ekwiteit-verhouding | 0,1 : 1 | 0,4 : 1 |
| Bedryfsverhouding | 0,9 : 1 | 1,3 : 1 |
| Vuurproefverhouding | 0,3 : 1 | 0,6 : 1 |
| Gemiddelde debiteure-invorderingsperiode | 42,4 dae | 30,8 dae |
| Verdienste per aandeel | 60 sent | 74 sent |
| Dividende per aandeel | 64 sent | 50 sent |
| Dividenduitbetalingskoers | 106,7% | 67,6% |
| % opbrengs op gemiddelde ekwiteit | 5,7% | 7,2% |
| % opbrengs op gemiddelde kapitaal aangewend | 9,0% | 11,4% |
| Netto batewaarde per aandeel | 1 007 sent | 980 sent |
| Markprys van aandele op die JSE | 850 sent | 1 020 sent |
| Rentekoers op lenings | 13% | 13% |
| Rentekoers op vaste deposito's | 7% | 7% |

**B. Aandelekapitaal en % aandeelhouding:**

- Op 1 Maart 2022 het die maatskappy 'n addisionele 300 000 aandele uitgereik.
- Op 28 Februarie 2023 is 1 500 000 aandele reeds uitgereik.

**C. Uittreksel uit die Kontantvloeistaat op 28 Februarie:**

| | 2023<br>R | 2022<br>R |
|---|---|---|
| Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite | (1 890 000) | (652 000) |
| Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite | | |
| Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite | 1 950 000 | 3 250 000 |
| Aandele | 3 750 000 | (250 000) |
| Lenings | (1 800 000) | 3 500 000 |
| Netto verandering in kontant en kontantekwivalente | (836 000) | 2 200 000 |
| Kontant en kontantekwivalente aan begin | 1 914 000 | (286 000) |
| Kontant en kontantekwivalente aan einde | 1 078 000 | 1 914 000 |

**40**

**VRAAG 4: KORPORATIEWE BESTUUR (15 punte; 15 minute)**

4.1 Kies die korrekte woord(e) uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (4.1.1 tot 4.1.3) in die ANTWOORDEBOEK neer.

4.1.1 Die ouditverslag wat in die jaarverslag verskyn, is aan die (direkteure/aandeelhouers) van 'n maatskappy gerig.

4.1.2 'n (Gekwalifiseerde/Ongekwalifiseerde) ouditverslag sal tot 'n gunstige beeld van die maatskappy bydra.

4.1.3 'n (Gekwalifiseerde/Weerhouding-van-mening-) verslag word ontvang wanneer die eksterne ouditeur weier om 'n mening te gee oor die geloofwaardigheid van die finansiële state. (3)

4.2 **MBOMBELA BPK.**

Verwys na die uittreksel hieronder.

Aandeelhouers van die maatskappy was ongelukkig oor die verslag oor die hoof- finansiële beampte (HFB) en het die direksie genader vir 'n spesiale vergadering om hulle griewe te bespreek.

**GEVRA:**

Verduidelik DRIE vrae wat die aandeelhouers met die direksie by die vergadering sal wil bespreek.

**NOTAS VAN DIE DIREKTEURS SE RAADSVERGADERINGS**

Die HFB, Nestor Donald, het op 1 Mei 2018 met 'n jaarlikse salaris van R1,8 miljoen by Mbombela Bpk. begin werk, gebaseer op sy kwalifikasies van 'n meestersgraad in Rekeningkundige Wetenskap en 'n doktorsgraad by internasionale universiteite.

In September 2022 het Donald die direksie ingelig dat hy 'n pakket van R3,4 miljoen deur Rose Bpk., 'n mededinger, aangebied is. In reaksie hierop het Mbombela Bpk. se direksie besluit om 'n teenaanbod aan Donald, gelykstaande aan Rose Bpk. se aanbod, te maak.

'n Fluitjieblaser (informant) het die hoof- uitvoerende beampte (HUB) ingelig dat Donald geen nagraadse kwalifikasies het nie. Dit het later aan die lig gekom dat hy ook oor die werksaanbod van Rose Bpk. gelieg het. (6)

4.3 **NEPTUNE BPK.**

Verwys na die inligting wat deur die eksterne ouditeure voorgelê is.

Kommer is uitgespreek oor die besigheid se produktiwiteit en die vergoeding (gelde en salarisse) van direkteure en werknemers.

**GEVRA:**

Verskaf EEN punt van moontlike wanbestuur of korrupsie onder ELK van die volgende subopskrifte. Haal toepaslike syfers aan om jou antwoord in ELKE geval te ondersteun.

- Betaling van direkteursgelde (3)
- Salarisse van ander werknemers (3)

**Inligting op 30 April deur eksterne ouditeure geïdentifiseer:**

**LET WEL:** Randbedrae is in miljoene uitgedruk.

| | **% verandering R** | **2023** | | **2022** | |
|---|---|---|---|---|---|
| | | **Getal** | **Bedrag R** | **Getal** | **Bedrag R** |
| **Algemene inligting:** | | | | | |
| Bruto wins | + 8,1% | | 335 m. | | 310 m. |
| Bedryfswins | – 4,7% | | 101 m. | | 106 m. |
| Netto wins | – 3,0% | | 96 m. | | 99 m. |
| **Direkteursgelde:** | + 37,6% | 11 | 90,8 m. | 8 | 66 m. |
| Hoof- uitvoerende beampte | + 44,4% | 1 | 26,0 m. | 1 | 18 m. |
| Hoof- finansiële beampte | + 5,0% | 1 | 12,6 m. | 1 | 12 m. |
| Ander voltydse direkteure | + 45,0% | 9 | 52,2 m. | 6 | 36 m. |
| Gemiddelde gelde (per ander direkteure) | - 3,3% | | 5,8 m. | | 6 m. |
| **Ander werknemers:** | | | | | |
| Salarisse | + 29,7% | 275 | 91,3 m. | 220 | 70,4 m. |
| Gemiddelde salaris (per werknemer) | + 3,8% | | 332 000 | | 320 000 |

**15**

**TOTAAL: 150**

| GRAAD 12 REKENINGKUNDE FORMULEBLAD MET FINANSIËLE AANWYSERS | |
|---|---|
| $\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Netto wins voor belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| Totale bates **:** Totale laste | Bedryfsbates **:** Bedryfslaste |
| (Bedryfsbates – Voorraad) **:** Bedryfslaste | Niebedryfslaste **:** Aandeelhouersbelang |
| (Handel & ander ontvangbare bedrae + Kontant & kontantekwivalente) **:** Bedryfslaste | |
| $\frac{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$ (Sien Nota 1 hieronder) | $\frac{\text{Koste van verkope}}{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}$ |
| $\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1}$ | $\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$ (Sien Nota 2 hieronder) |
| $\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersbelang}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ (Sien Nota 3 hieronder) |
| $\frac{\text{Netto inkomste voor belasting + Rente op lenings}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersbelang + Gemiddelde niebedryfslaste}} \times \frac{100}{1}$ | |
| $\frac{\text{Aandeelhouersbelang}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Tussentydse dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Finale dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Dividende per aandeel}}{\text{Verdienste per aandeel}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Netto inkomste na belasting}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Totale vaste koste}}{\text{Verkoopprys per eenheid – Veranderlike koste per eenheid}}$ | |

**LET WEL:**

1. Handelsvoorraad aan die einde van 'n finansiële jaar kan gebruik word as dit in 'n vraag vereis word.
2. Kredietaankope kan gebruik word in plaas van koste van verkope (syfers sal dieselfde wees mits voorraad konstant bly).
3. Indien daar 'n verandering in die aantal uitgereikte aandele gedurende 'n finansiële jaar is, word die geweegdegemiddelde getal aandele in die praktyk gebruik.

Kopiereg voorbehou

PLAKKER

**SENTRUMNOMMER**

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | |

**EKSAMENNOMMER**

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | |

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

# REKENINGKUNDE V1

# GRAAD 12

# 2023

## *SPESIALE ANTWOORDEBOEK*

| VRAAG | PUNTE | PARAAF | MOD. |
|---|---|---|---|
| 1 | | | |
| 2 | | | |
| 3 | | | |
| 4 | | | |
| TOTAAL | | | |

**Hierdie antwoordeboek bestaan uit 10 bladsye.**

*Kopiereg voorbehou*

## VRAAG 1

1.1

| | |
|---|---|
| **1.1.1** | |
| **1.1.2** | |
| **1.1.3** | |
| **1.1.4** | |

**4**

**1.2 STARLIGHT BPK.**

1.2.1

| **Bereken: Waarde van die slotvoorraad van gloeilampe op 28 Februarie 2023. Gebruik die geweegdegemiddelde-metode.** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| | |

**4**

1.2.2

| **Bereken: Wins of verlies met verkoop van die voertuig** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| | |

**5**

| **Bereken: Totale waardevermindering vir die jaar** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| **Voertuie** | |
| **Toerusting** | |

**7**

**1.2.3 Staat van Omvattende Inkomste vir die jaar geëindig 28 Februarie 2023**

| | |
|---|---|
| **Verkope** | **17 850 000** |
| **Koste van verkope** | **(10 200 000)** |
| **Bruto wins** | **7 650 000** |
| **Ander inkomste** | |
| **Kommissie-inkomste** | **85 900** |
| **Huurinkomste** | |
| | |
| | |
| **Bruto bedryfsinkomste** | |
| **Bedryfsuitgawes** | **(4 894 900)** |
| **Salarisse en lone** | |
| **Ouditfooie** | |
| **Direkteursgelde** | |
| **Diverse uitgawes** | **219 760** |
| **Oninbare skulde** | |
| **Waardevermindering** | |
| | |
| | |
| | |
| **Bedryfswins** | |
| **Rente-inkomste** | |
| **Wins voor rente-uitgawe** | |
| **Rente-uitgawe** | |
| **Netto wins voor belasting** | |
| **Inkomstebelasting** | **(858 140)** |
| **Netto wins na belasting** | **2 002 500** |

**29**

| | |
|---|---|
| **BEDRYFSBATES** | **7 605 150** |
| **Voorraad** | |
| **Handel en ander ontvangbare bedrae** | |
| **Kontant en kontantekwivalente** | |

| |
|---|
| |
| **11** |

| **TOTALE PUNTE** |
|---|
| |
| **60** |

## VRAAG 2

### 2.1 BEHOUE-INKOMSTE-NOTA

| | |
|---|---|
| Saldo aan begin van jaar | 237 400 |
| Netto wins na belasting | 1 526 000 |
| | |
| Gewone aandele-dividende | |
| | |
| | |
| Saldo aan einde van jaar | |

9

### 2.2

| Bereken: Verandering in lening | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| | |

2

| Bereken: Opbrengs uit aandele uitgereik | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| | |

3

### 2.3

| KONTANTGEVOLGE VAN BEDRYFSAKTIWITEITE | |
|---|---|
| Kontant uit bedrywighede gegenereer | 2 340 300 |
| | |
| Inkomstebelasting betaal | |
| Dividende betaal | |

10

**2.4**

| **Bereken: Bedryfsverhouding** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| | |

2

| **Bereken: Netto batewaarde (NBW)** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| | |

4

| **Bereken: % opbrengs op totale kapitaal aangewend (OOTKA)**<br>**LET WEL: Die gemiddelde kapitaal aangewend is R20 343 500.** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| | |

5

| **TOTALE PUNTE** |
|---|
| |
| **35** |

## VRAAG 3

**3.1**

| |
|---|
| **Verduidelik of die maatskappy hulle bedryfskapitaal doeltreffend bestuur of nie. Haal TWEE finansiële aanwysers aan, met syfers en tendense.** |
| |

**5**

**3.2**

| **Bereken die totale getal addisionele aandele wat Denise aangekoop het.** | |
|---|---|
| **BEWERKING** | **ANTWOORD** |
| | |

**4**

| |
|---|
| **Gee EEN moontlike rede waarom Denise vasbeslote was om die meerderheidsaandeelhouer te word.** |
| |

**2**

**3.3.1**

| **Die Kontantvloeistaat toon besluite wat deur die direkteure geneem is. Identifiseer TWEE belangrike besluite wat die direkteure in 2023 geneem het wat verskil van hulle besluite in die vorige jaar. Haal syfers aan.** | |
|---|---|
| **Besluit 1** | |
| **Besluit 2** | |
| **Gee EEN rede vir hierdie besluite.** | |
| | |

**6**

Kopiereg voorbehou 

3.3.2 **Verduidelik die uitwerking van hierdie besluite op die graad van finansiële risiko oor die twee jaar. Haal EEN finansiële aanwyser aan, met syfers en tendense.**

**3**

3.3.3 **Verduidelik hoe hierdie besluite die hefboomfinansiering van die maatskappy beïnvloed het. Haal EEN finansiële aanwyser aan, met syfers en tendense.**

**4**

3.4.1 **Sekere aandeelhouers het hulle kommer uitgespreek oor die verandering in die dividenduitbetalingsbeleid. Verduidelik TWEE punte om hulle kommer te ondersteun.**

| | |
|---|---|
| **Punt 1** | |
| **Punt 2** | |

**4**

3.4.2 **Verduidelik of die aandeelhouers met die tendens in die % opbrengs en verdienste van die maatskappy tevrede sal wees, asook die dividende wat hulle verdien het. Haal TWEE finansiële aanwysers aan, met syfers en tendense.**

**6**

**3.5**

| **Verskaf in ELKE geval bewyse vir die aandeelhouers se kommer oor hierdie tendense, en verduidelik waarom hulle oor die toekomstige vooruitsigte vir die maatskappy bekommerd sou wees. Haal syfers en tendense aan.** | | |
|---|---|---|
| **Kwessies** | **Bewyse vir kommer** | **Rede vir kommer** |
| **Kontant en kontant-ekwivalente** | | |
| **Markprys van aandele op JSE** | | |

| |
|---|
| |
| **6** |

| **TOTALE PUNTE** |
|---|
| |
| **40** |

**VRAAG 4**

**4.1**

| | |
|---|---|
| **4.1.1** | |
| **4.1.2** | |
| **4.1.3** | |

| |
|---|
| |
| **3** |

**4.2**

| **Verduidelik DRIE vrae wat die aandeelhouers met die direksie by die vergadering sal wil bespreek.** | |
|---|---|
| **Punt 1** | |
| **Punt 2** | |
| **Punt 3** | |

| |
|---|
| |
| **6** |

**4.3**

| **Verskaf EEN punt van moontlike wanbestuur of korrupsie onder ELK van die volgende subopskrifte. Haal toepaslike syfers aan om jou antwoord in ELKE geval te ondersteun.** |
|---|
| **Betaling van direkteursgelde** |
| **Salarisse van ander werknemers** |

| |
|---|
| |
| **6** |

| **TOTALE PUNTE** |
|---|
| |
| **15** |

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

**REKENINGKUNDE V1**

**NASIENRIGLYNE**

**2023**

**PUNTE: 150**

## NASIENBEGINSELS:

1. Tensy anders in die nasienriglyne aangedui, is strafpunte vir vreemde items slegs van toepassing indien 'n kandidaat nie punte op 'n ander plek in die vraag vir daardie item verloor het nie (geen vreemde-item-strafpunte vir misplaaste items nie). Geen dubbelpenalisering toegepas nie.
2. Strafpunte vir plasing of swak aanbieding (bv. besonderhede) is slegs van toepassing indien die kandidaat punte vir die bedrae vir daardie item verdien het.
3. Tensy anders getoon, ken volpunte toe vir 'n korrekte antwoord. Indien die antwoord foutief is, merk die bewerkings wat getoon is.
4. Indien 'n vooraansuiweringsyfer as 'n finale syfer getoon word, ken die deelpunt toe vir die bewerking van daardie syfer (nie die metodepunt vir die antwoord nie). **LW**: As syfers aangedui is in die nasienriglyne vir komponent-dele in bewerkings wat nie deelpunte kan verdien nie, kan die metodepunt van die finale antwoord ook nie toegeken word nie.
5. Tensy anders getoon, moet die positiewe of negatiewe effek van enige syfer in ag geneem word om die punt toe te ken. Indien geen + of – teken of hakie voorsien is nie, aanvaar dat die syfer positief is.
6. Waar aangedui in die nasienriglyne, kan deelpunte toegeken word om die verkil in kwaliteit van kandidate se antwoorde te bepunt.
7. Indien kandidate meer as die verlangde aantal antwoorde verskaf, ondersoek alle antwoorde tot voordeel van die kandidaat. Strafpunte kan toegeken word vir vreemde items, indien volpunte vir 'n vraag toegeken is.
8. Hierdie nasienriglyne is nie vir verspreiding in die publiek nie' omdat sekere items dalk verkeerd gehanteer is. Aanpassings is gemaak a.g.v. sekere vrae
9. Waar strafpunte toegepas word, kan die punte vir daardie afdeling van die vraag nie as 'n negatiewe syfer getoon word nie. Waar metodepunte toegeken word vir bewerking, moet die nasiener die redelikheid van die bewerking ondersoek voor die punt toegeken word.
10. Waar metodepunte toegeken word vir bewerking, moet die nasiener die redelikheid van die bewerking ondersoek voor die punt toegeken word.
11. 'Bewerking' beteken kontroleer bewerking. 'Een deel korrek' beteken bewerking en een deel korrek. Let wel: kontroleer bewerking moet +, -, x, ÷, wees vlg. kandidaat se bewerkings (indien geldig) of vlg. nasienriglyne.
12. In bewerkings, moet nie punte toeken nie vir bewerking as teller en noemer omgeruil is – hierdie is ook op verhoudings van toepassing. Indien een lyn getoon word, aanvaar dit as die teller.
13. Met die toekenning van metodepunte, maak seker dat kandidate nie volpunte kry vir enige item wat foutief is nie, ten minste gedeeltelik. Dui aan met 'n ☒.
14. Wees bedag daarop dat party kandidate geldige alternatiewe buite die memorandum verskaf. Neem kennis dat een kommentaar meer as een aspek kan aanspreek
15. Kodes: f = vreemde item; p = plasing/aanbieding.

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 10 bladsye.**

*Kopiereg voorbehou*

## VRAAG 1

**1.1**

| | |
|---|---|
| **1.1.1** | E ✓ |
| **1.1.2** | D ✓ |
| **1.1.3** | B ✓ |
| **1.1.4** | A ✓ |

**4**

**1.2 STARLIGHT BPK.**

**1.2.1**

| **Bereken: Waarde van die slotvoorraad van gloeilampe op 28 Februarie 2023. Gebruik die geweegdegemiddelde-metode.** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| 3 921 500 twee punte<br>(416 000 + 3 478 000) een punt<br>3 894 000✓ + 27 500✓ / 55 000 ✓ x 1 700<br>(8 000 + 47 000) een punt<br><br>Geweegde gemiddelde: 71,30 drie punte | 121 210 ☑<br>een deel korrek<br>As x 1 700 |

**4**

**1.2.2**

| **Bereken: Wins of verlies met verkoop van die voertuig** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| 104 000 x [20% x 9/12]<br>91 500 ✓ – (104 000 ✓ – 15 600 ✓☑)<br>vir 1 van die 2 komponente in hd bewerking<br>88 400 drie punte<br><br>Aanvaar alternatiewe uiteensettings vir berekeninge, bv:<br><br>104 000 – 15 600 – 91 500 | 3 100 ☑<br>een deel korrek<br>Ignoreer teken<br><br>AS VP > DW = wins<br>OF VP < DW = verlies |

**5**

| **Bereken: Totale waardevermindering vir die jaar** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| **Voertuie**<br><br>15 600 ☑ + 145 200 ✓ = 160 800 twee punte<br>(sien hierbo)<br><br>**Toerusting**<br><br>774 000 x 15% 48 000 x [15% x 7/12]<br>116 100 ✓✓ + 4 200 ✓☑ = 120 300 vier punte<br>vir 1 van die 2 komponente in hd bewerking | 281 100 ☑<br>bewerking<br>een deel korrek<br>vir voertuie **+** toerusting |

**7**

### 1.2.3 Staat van Omvattende Inkomste vir die jaar geëindig 28 Februarie 2023

| | |
|---|---|
| **Verkope** | **17 850 000** |
| **Koste van verkope** | **(10 200 000)** |
| **Bruto wins** | **7 650 000** |
| **Ander inkomste** bewerking | 170 900☑ |
| **Kommissie-inkomste** | **85 900** |
| **Huurinkomste** 89 700 ✓ – 7 800 ✓✓ | 81 900 ☑* |
| Wins met verkoop van bate *kan 'n verlies wees sien 1.2.2 kontroleer VP > Netto Drawaarde | 3 100☑ |
| **Bruto bedryfsinkomste** **6** | 7 820 900 |
| **Bedryfsuitgawes** | **(4 894 900)** |
| **Salarisse en lone** balanseersyfer kan negatief wees | 2 218 100 ☑ |
| **Ouditfooie** 155 200 + 38 800 | 194 000✓✓ |
| **Direkteursgelde** 2 015 000 ✓– 130 000 ✓✓ 2015 000 x 29/31 **OF** 65 000 x 29 **OF** 1 560 000 + 325 000 | 1 885 000 ☑* |
| **Diverse uitgawes** | **219 760** |
| **Oninbare skulde** 16 200 ✓ + 2 250 ✓✓ [9 000 x 20/80] twee punte in totaal | 18 450 ☑* |
| **Waardevermindering** sien 1.2.2 | 281 100 ☑ |
| Handelsvoorraadtekort 2 969 800 ✓ – (2 774 800 ✓ + 121 210 ☑) 2 896 010 twee punte sien 1.2.1 2 969 800 OF 2 774 800 word nie as finale antwoorde aanvaar nie | 73 790 ☑* |
| Voorsiening vir oninbare skulde aansuiwering moet 'n uitgawe wees | 4 700 ✓✓ |
| **18** | |
| **Bedryfswins** BBI - BU | 2 926 000 ☑ |
| **Rente-inkomste** balanseersyfer; aanvaar indien negatief | 34 000☑ |
| **Wins voor rente-uitgawe** | 2 960 000 |
| Let wel: een punt op 165 600 **Rente-uitgawe** 165 600 ✓ x 60% **OF** 165 600 - 66 240 (690 000 – 524 400) een punt **OF** 13 800 x 60% x 12 | (99 360) ☑ As x 60%; OF -40% |
| **Netto wins voor belasting** NWnB + IB | 2 860 640☑ |
| **Inkomstebelasting** | **(858 140)** |
| **Netto wins na belasting** **5** | **2 002 500** |

**29**

* bewerking, een deel korrek

– 1 vir vreemde items (maks. -2);
Vir misplaaste items, merk die bewerkings, maar penaliseer die finale antwoord;
Ignoreer hakies

| **BEDRYFSBATES** | **7 605 150** |
|---|---|
| **Voorraad** (2 774 800 ✓ + 121 210 ☑ sien 1.2.1)<br>**OF** 2 969 800 een punt – 73 790 een m.punt (tekort) sien SOI | 2 896 010 ☑* |
| **Handel en ander ontvangbare bedrae**<br>645 250 ✓ – 2 250 ☑ oninbare skulde – 25 720 ✓ voors vir OS + 130 000 ☑ direkteursgelde + (875 000 – 858 140) SAID inkomstebelasting = 16 860 ✓✓ twee akkuraatheidspunte | 764 140 ☑* |
| **Kontant en kontantekwivalente** balanseersyfer | 3 945 000☑ |

* bewerking, een deel korrek

**11**

| **TOTALE PUNTE** | **60** |
|---|---|

## VRAAG 2

### 2.1 BEHOUE-INKOMSTE-NOTA

| | |
|---|---|
| **Saldo aan begin van jaar** | **237 400** |
| **Netto wins na belasting** | **1 526 000** |
| Aandele teruggekoop 180 000✓ x 1,20 ✓✓<br>(11,05 – 9.85) twee punte<br>OF 1 989 000 een punt – 1 773 000 twee punte | (216 000) ☑*<br>ignoreer hakies<br>Nie 1 989 000<br>Nie 1 773 000 |
| **Gewone aandele-dividende** bewerking (TT + Finaal) | (917 800) ☑*<br>ignoreer hakies |
| Tussentydse dividende 1 070 000 x 32c | 342 400 ✓☑*<br>een deel korrek |
| Finale dividende | 575 400 ✓ |
| **Saldo aan einde van jaar**<br>kontroleer bewerking; moet aandele teruggekoop en GAD aftrek | 629 600 ☑* |

* bewerking, een deel korrek

9

### 2.2

| **Bereken: Verandering in lening** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| 7 200 000 – 6 348 000 | 852 000 ✓✓<br>ignoreer hakies<br>geen deelpunt |

2

| **Bereken: Opbrengs uit aandele uitgereik** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| geen deelpunte<br>(1 370 000 + 180 000 – 1 250 000)<br>300 000 ✓✓ x 11,40 | 3 420 000 ☑<br>As x 11,40 |
| **OF**<br>(13 959 500 – 12 312 500) + 1 773 000<br>1 647 000 een punt een metodepunt (sien 2.1) | 3 420 000<br>een metodepunt |

3

### 2.3

| | |
|---|---|
| **KONTANTGEVOLGE VAN BEDRYFSAKTIWITEITE** | 155 200 ☑<br>bewerking;<br>een deel korrek<br>in totale of bewerkings |
| **Kontant uit bedrywighede gegenereer** | **2 340 300** |
| Rente betaal | (648 000) ✓<br>moet in hakies wees |
| **Inkomstebelasting betaal**<br>1 526 000 x 30/70<br>42 100 ✓ + 654 000 ✓✓ + 23 600 ✓<br>**OF** - 42 100 - 654 000 – 23 600<br>Wees bedag op ander alternatiewe aanbiedings, bv. hakies, grootboekrekening. | (719 700) ☑*<br>moet in hakies wees |
| **Dividende betaal**<br>sien 2.1<br>475 000 ✓ + 342 400 ☑ **OF** 475 000 – 342 400<br>**OF** 475 000 een punt + (917 800 – 575 400) een m.punt | (817 400) ☑*<br>moet in hakies wees |

* bewerking, een deel korrek

10

**2.4**

| **Bereken: Bedryfsverhouding** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| 1 479 600 : 822 000<br><br>Ken EEN punt toe vir beide bedrae (indien geen finale / foutiewe finale antwoord) | 1,8: 1✓☑<br>bewerking,<br>een deel korrek<br>in formaat x : 1 |

2

| **Bereken: Netto batewaarde (NBW)** * 100 word nie gereken as 'een deel korrek' nie. | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| 14 589 100 twee punte sien 2.1<br>13 959 500 ✓ + 629 600 ☑ / 1 370 000 ✓ x 100* | 1 064,9 sent<br>☑<br>bewerking,<br>een deel korrek<br>aanvaar R10,65<br>of 1065c<br>Antwoord moet in R of c getoon word |

4

| **Bereken: % opbrengs op totale kapitaal aangewend (OOTKA)**<br>**LET WEL: Die gemiddelde kapitaal aangewend is R20 343 500.**<br>* 100 word nie gereken as 'een deel korrek' nie | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| 2 828 000 drie punte<br>2 180 000 or 1 526 000 x 100/70 Sien 2.3<br>1 526 000 ✓ + 654 000 ☑ + 648 000 ✓ / 20 343 500 ✓ x 100* | 13,9%☑<br>bewerking,<br>een deel korrek<br>%-teken nie nodig |

5

| **TOTALE PUNTE** | **35** |
|---|---|

## VRAAG 3

**3.1**

**Verduidelik of die maatskappy hulle bedryfskapitaal doeltreffend bestuur of nie. Haal TWEE finansiële aanwysers aan, met syfers en tendense.**

Finansiële aanwyser ✓ ✓ Syfer en tendens ✓ ✓ Enige EEN verduideliking ✓

Enige TWEE aanwysers
- Bedryfsverhouding het afgeneem (van 1,3:1) tot 0,9:1 / met 0,4:1
- Vuurproefverhouding het afgeneem (van 0,6:1) tot 0,3:1 / met 0,3:1
- Debiteure se gemiddelde invorderingperiode het toegeneem / verswak (van 30,8 dae) tot 42,4 dae / met 11,6 dae.

Moontlike verduidelikings vir EEN punt:
Die onderneming sal dit moeilik vind om sy korttermyn-skulde te betaal / het nie genoeg likiede bates (kontant) om bedryfslaste te dek / debiteure neem te lank om rekeninge te betaal / te veel voorraad voorhande

**5**

**3.2**

**Bereken die totale getal addisionele aandele wat Denise aangekoop het.**

| BEWERKING | ANTWOORD |
|---|---|
| (51% x 1 500 000) twee punte<br>765 000 ✓✓ – 540 000 ✓<br>NIE aanvaarbaar: 50% + 1 aandeel OF 50% + 100 aandele | 225 000 ☑<br>bewerking, een deel korrek |

**4**

**Gee EEN moontlike rede waarom Denise vasbeslote was om die meerderheidsaandeelhouer te word.**

Enige EEN geldige rede ✓✓ moet verband hou met invloed op beheer
Deelpunt vir onvolledige/onduidelike antwoorde
Verwagte antwoorde, bv:
- Sy wil volle beheer van die maatskappy bekom
- Sy wil alle besluite van die maatskappy in die toekoms beïnvloed
- Sy wil die kwessie van onbevoegde direkteure aanspreek/nuwe aanstellings beïnvloed wat tot die maatskappy se vooruitgang kan bydra
- Sy voel sy kan stukrag gee aan 'n ommekeer van die huidige situasie

*Moontlike EEN-punt antwoorde* :
Om meer aandele te bekom / meer kapitaalwins op aandele te genereer

**2**

**3.3.1**

**Die Kontantvloeistaat toon besluite wat deur die direkteure geneem is. Identifiseer TWEE belangrike besluite wat die direkteure in 2023 geneem het wat verskil van hulle besluite in die vorige jaar. Haal syfers aan.**

TWEE besluite ✓ ✓ Syfers ✓ ✓

- In 2023 het die maatskappy meer aandele uitgereik vir R3 750 000 (in 2022 het mpy aandele teruggekoop vir R250 000).
- In 2023 het hulle R1 800 000 op die lening afbetaal (in 2022 het die maatskappy meer geleen, R3 500 000). R1 700 000 is NIE 'n geldige syfer NIE

**Gee EEN rede vir hierdie besluite.**

EEN geldige rede ✓✓ deelpunte vir onvolledige/onduidelike antwoorde

- Maatskappy wil minder op lenings staatmaak / minder rente betaal / finansiële risiko verbeter (verlaag)
- Daar is 'n poging om die maatskappy meer volhoubaar te maak deur ekwiteit (eie kapitaal) te gebruik

**6**

**3.3.2** **Verduidelik die uitwerking van hierdie besluite op die graad van finansiële risiko oor die twee jaar. Haal EEN finansiële aanwyser aan, met syfers en tendense.**

Finansiële aanwyser ✓ met syfer(s) en tendense ✓

Skuld-ekwiteit-verhouding het (van 0,4 : 1) tot 0,1 : 1 afgeneem / met 0,3:1

Verduideliking ✓
Verlaging in / laer finansiële risiko / maak minder staat op lenings / gebruik eie (aandele-) kapitaal

**3**

**3.3.3** **Verduidelik hoe hierdie besluite die hefboomfinansiering van die maatskappy beïnvloed het. Haal EEN finansiële aanwyser aan, met syfers en tendense.**

Finansiële aanwyser ✓ met syfer(s) en tendens ✓

OOTKA het gedaal (van 11,4%) tot 9% / met 21,1% / met 2,4%-punte

Verduideliking van hefboomeffek (vergelyk met %rente)✓✓
Verwagte antwoorde: deelpunte vir onvolledige/onduidelike antwoorde

- OOTKA is laer as die %rente op lenings van 13%; was negatief gerat in 2022 en het in 2023 nog verder gedaal.
- Die maatskappy maak nie doeltreffend gebruik van lenings in 2022 nie. Hierdie tendens het in 2023 voortgeduur ten spyte van die uitwerking van pogings om die lening te verminder.

**4**

**3.4.1** **Sekere aandeelhouers het hulle kommer uitgespreek oor die verandering in die dividenduitbetalingsbeleid. Verduidelik TWEE punte om hulle kommer te ondersteun.**

Enige TWEE geldige punte ✓✓ ✓✓ deelpunte vir onvolledige/onduidelike antwoorde
**LW:** Syfers word nie in hierdie antwoord vereis nie

- Die verhoging in die dividenduitbetalingskoers (van 67,6%) tot 106,7% beteken dat fondse gebruik moet word vir behoue inkomste/maatskappy se fondse kan uitgeput raak/betaal hoër dividende terwyl verdienste laag was.
- Direkteure wil aandeelhouers verwar en hul aandag van swak prestasies van die maatskappy aftrek/misleiding.
- Direkteure tree onverantwoordelik op deur nie groei/vooruitgang van die maatskappy te bevorder nie .
- Direkteure moes eerder gefokus het op die verbetering van kontantbronne, want hulle is eintlik besig om dit uit te put.

*Een-punt antwoorde, bv:*
Dividenduitbetalingskoers het noemenswaardig verhoog / direkteure wil herkies word

**4**

**3.4.2** **Verduidelik of die aandeelhouers met die tendens in die % opbrengs en verdienste van die maatskappy tevrede sal wees, asook die dividende wat hulle verdien het. Haal TWEE finansiële aanwysers aan, met syfers en tendense.**

Finansiële aanwyser ✓ ✓ syfers en tendens ✓ ✓

Enige TWEE aanwysers:

- OOAHB het verminder (van 7,2%) tot 5,7% / met 1,5%-punte / met 20,8%
- VPA het verminder (van 74c) tot 60c/met 14c/afname in winsgewendheid, 18,9%
- DPA het verhoog (van 50c) tot 64c / met 14c / met 28%

Verduideliking (syfers nie hier vereis nie) ✓✓ deelpunte vir onvolledige/onduidelike antwoorde

- Opbrengs is laer as rente% op vaste deposito [alternatiewe belegging, 7%]
- Sommige aandeelhouers kan tevrede wees met 'n [14c] verhoging in DPA/ andere kan bekommerd wees oor hoë dividende terwyl verdienste gedaal het
- Hoër dividende het gelei tot 'n beter dividendopbrengs (van 4,9%) tot 7,5% / met 2,6%-punte / met 53,1%

**6**

**3.5** **Verskaf in ELKE geval bewyse vir die aandeelhouers se kommer oor hierdie tendense, en verduidelik waarom hulle oor die toekomstige vooruitsigte vir die maatskappy bekommerd sou wees. Haal syfers en tendense aan.**

***Ken toepaslike punte toe vir korrekte bewyse, syfers of redes wat in verkeerde kolomme getoon is.***

| Kwessies | Bewyse vir kommer<br>Syfer ✓ ✓ Vergelyking ✓ ✓ | Rede vir kommer<br>✓ ✓<br>Wees bedag op ander toepaslike redes |
|---|---|---|
| **Kontant en kontant-ekwivalente** | K&KE verminder met R836 000<br>**OF**<br>K&KE verminder (van R1,94m) tot R1,078m oor twee jaar<br>**OF**<br>Netto uitvloei in 2023, R836 000 vergelyk swak met netto invloei, R2,2m in 2022 | Bedryfsaktiwiteite toon 'n tekort / oneffektiewe gebruik van beskikbare fondse / fondse word gegenereer sonder die bedoeling om winsgewendheid te verhoog / likiditeitskwessies sal in die toekoms ontstaan indien hierdie tendens voortduur. |
| **Markprys van aandele op JSE** | Markprys op JSE het verminder (van 1 020c) tot 850c / Markprys van 850c is minder as die NBW van 1 007c. | Publiek se aanvraag na aandele is nie goed nie (a.g.v. 'n algemene afname in die maatskappy se prestasie) / Maatskappy se toekomsvooruitsigte lyk nie goed nie, want voornemende (nuwe) aandeelhouers wil dalk nie aandele koop wat nie goed presteer nie. |

**6**

| TOTALE PUNTE | 40 |
|---|---|

## VRAAG 4

**4.1**

| | |
|---|---|
| **4.1.1** | Aandeelhouers ✓ |
| **4.1.2** | Ongekwalifiseerde ✓ |
| **4.1.3** | Weerhouding van mening ✓ |

**3**

**4.2** **Verduidelik DRIE vrae wat die aandeelhouers met die direksie by die vergadering sal wil bespreek.**

DRIE geldige redes ✓✓ ✓✓ ✓✓ deelpunte vir onvolledige/onduidelike antwoorde
Aanvaar antwoorde wat nie as vrae aangebied word nie
*Wees bedag op ander geldige interpretasies van inligting in die vraag gegee*

- Waarom was daar swak beheer deur die Direksie of Vergoedingskomitee oor Donald se aanstelling / was korrekte prosedures nie gevolg toe daar oor sy salarispakket besluit is nie / is sy verwysings (referente) van vorige werkgewers i.v.m. sy agtergrond & kwalifikasies nie behoorlik nagegaan nie?
- Hoekom het die direksie die teenaanbod gemaak sonder om die mededinger se aanbod behoorlik te verifieer?
- Gegewe Donald se oneerlikheid (oor kwalifikasies/werksaanbod), het die direksie enige verdere ondersoek gedoen na sy bedrywighede in die mpy (bv verduistering van fondse, ens.)?
- Is daar enige bewys van Donald se goeie prestasie (suksesse) in terme van produktiwiteit en winsgewendheid in die maatskappy?
- Waarom is daar geen deursigtigheid vir die noemenswaardige verhoging in Donald se vergoeding nie? / Was eksterne ouditeure nalatig in hierdie verband?
- Watter interne dissiplinêre stappe sal teen Donald of andere (bv HUB/direksie/ vergoedingskomitee wat hom aangestel het) geneem word?
- Watter eksterne/wetlike stappe sal geneem word om die ekstra salaris wat betaal is (weens sy valse CV) terug te kry / om Donald uiteindelik af te dank?

**6**

**4.3** **Verskaf EEN punt van moontlike wanbestuur of korrupsie onder ELK van die volgende subopskrifte. Haal toepaslike syfers aan om jou antwoord in ELKE geval te ondersteun.** *Wees bedag op ander geldige interpretasies van inligting in die vraag gegee*

**Betaling van direkteursgelde**

EEN geldige punt ✓✓ *(moet verwys na produktiwiteit)* Deelpunte vir onvolledige/onduidelike antwoorde

Direkteure se fooi-verhogings is nie geregverdig nie / hulle het geen verskil in die verbetering van die mpy gemaak nie / hulle verdien nie die hoë verhogings nie, omdat mpy se winsgewendheid (produktiwiteit) afgeneem het.

Moontlike syfer(s): ✓

- Bedryfswins het afgeneem met 4,7% en die netto wins met 3%
- Direkteursgelde (in totaal) verhoog met 37,6% (R66m tot R90,8m)
- HUB ontvang 'n 44,4% verhoging (R18m tot R26m)
- Ander direkteursgelde verhoog met 45% (R36m tot R52,2m) + 3 ekstra direkteure.

**Salarisse van ander werknemers** Deelpunte vir onvolledige/onduidelike antwoorde

EEN geldige punt *(moet verwys na moontlike wanbestuur)* ✓✓

Die aanstel van addisionele werkers het nie tot hoër wins (produktiwiteit) bygedra nie / meer werkers moes 'n positiewe effek op wins gehad het / moontlike 'spookwerkers' / ongekwalifiseerde (onbevoegde) werkers is in diens geneem / nepotisme / swak MHB-besluite om werksmag te vergroot

Moontlike syfer(s): ✓

- Bedryfswins daal met 4,7% (ongeag 8% styging in BW / 3% afname in NW)
- Werksmag vergroot met 25% (55 meer werkers)
- Salarisse verhoog (van R70,4m) tot R91,3m / met R20,9m / met 29,7%

**6**

| TOTALE PUNTE | 15 |
|---|---|

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou